



KAMMANUUS

Nommer 335

20 Augustus 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Vrystaatse boere trek twee kortbroeke aan vir koue!

Die winter was nou op sy felste daar in Duskantland en die somer hier by ons in Sandkantland is op sy helste. So met die koue, net 'n bietjie warm terugvoer oor YADE in Bloemfontein.

Hettie Sprong skryf:

Baie, baie dankie wee reens vir julle wonderlike maandelikse skenking van R1200,00 wat aangewend kan word om doeke te koop. Die nood word net al hoe groter aangesien ons maandeliks meer bejaardes het wat moet oorsakel doeke toe. Die donasie word opreg waardeer en maak 'n yslike verskil! Dra asseblief ons dank oor aan almal in Kammaland vir hulle omgee en liefde.

Oom Limpie se Spele

Nou ja, die klompie goue medaljies wat ons manne daar in Bleekbeenland op die Sspele bgseslaan is, is nou seker al terug in Duskantland. Dis nou as hulle veilig oor die laaste hekkie, daai vlughandige bagasiemanne op O.R. Tambo lughawe, kon kom.

En was dit nou 'n koue ontvangs wat vir ons helde gewag het! Vir die eerste keer sedert die laaste Ystydperk het dit somer gelyktydig in al nege provinsies gesneeu. Ek hoor dit was so koud dat sommige van die boere in die Vrystaat twee kortbroeke moes aantrek.

Die ANC het ook 'n nasionale noodtoestand afgekondig omdat die hele Duskantland weer besig was om wit te word. Ja, in sulke tye sluk mens maar swaar aan die stories van aardverwarming nè.

Hier in die Midde Ooste, bakoond van die aarde, glo ons egter sterk daaraan want hier toets die kwikvlakke weer gereeld die 50 grade kerf en kan ons al amper sonder 'n vuurtjie vleis braai.

Mag ons maar so nou en dan vloek?

Daar gaan maak **Rochelle** van Afrikaans Sonder Grense daar in Australië toe die wêreld vir my nog warmer. Sy is seer ongelukkig oor ons taalgebruik in die laaste Kammanuus se stukkie oor die gemoedstand van hervormde rokers. Lees maar haar briefie in Poskoets. Sy haal nogal 'n breë spektrum van woorde aan.

Nou wonder ek mos net, wie van julle voel dalk ook soos Rochelle? Is dit nie soms geregverdig nie? Sal ons nie-rokers nou regtig kan raai hoe voel die twakverslaafdes as hulle eers hier by die veertigste (of vierde?) dag trek sonder 'n teugie nikotien in die longe. Is dit dan nie die plek en die tyd vir 'n taai woordjie nie?

Ek rou die dag wanneer gammat *gedoriewaar* of *gonnapiet* en *hond se doilie* gaan gebruik in die plek van sy berugte eie kort en raakvat vierletter kleurwoordjies.

Natuurlik is gaan mens nie almal tevrede kan stel nie. Gelukkig kan ek dies wat al kapsie gemaak en uitgeteken het weens ons taalgebruik, nog steeds op twee hande tel.

Stuur gerus jou mening aan pos@onsdorp.com dan 'gooi' ons dit ook in die moerbeipot.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UIT GEWER VAN KAMMANUUS

Dis glo 'n waar storie, van die Amerikaanse toeris in Londen. Hy het sy bewondering vir die Toring van Londen (gebou in 1078) uitgespreek, en toe gesê: "Dis net jammer hulle het hom reg in Heathrow-lughawe se vlugpad gebou."

Om die kampvuur

SKERP ANTWOORDE



Winston Churchill
EN
Lady Astor

Lady Astor: "Winston, as jy my man was sou ek gif in jou koffie gegooi het."

Churchill: "Nancy, as ek jou man was, sou ek dit gedrink het."



Groucho Marx, toe hy hoor die man met wie hy gesels het tien kinders

Groucho: "Hoekom so baie kinders?"

Man: "Wel, Groucho, ek is baie lief vir my vrou."

Groucho: "Ek is lief vir my sigaar, maar ek haal hom so nou en dan uit my mond uit."

Darwin-pryse [3]

Nadat hy 'n paar kappe by 'n onwettige kroeg gedrink het, het 'n Zimbabwiese busbestuurder gevind dat die 20 geestelik versteurde passasiers wat hy van Harare na Bulawayo moes vervoer ontsnap het.


Omdat hy nie sy vrotsigheid wou erken nie, het hy tot by die naaste bushalte gery en aan al die wagtendes gratis vervoer belowe.

Hy het die nuwe passasiers toe by 'n gestig afgelaai en aan die personeel gesê hulle is baie prikkelbaar en geneig tot wilde fantasieë.

Die bedrog is eers ná drie dae ontdek.

Om 'n fout te maak, is aards –
maar dit voel hemels.

– Mae West



Eskimo gesegdes

- Gister is as, môre is hout. Die vuur brand net vandag helder.
- Jy leer jou vriende van jou vyande onderskei wanneer die ys breek.
- Die uitsig is vir almal dieselfde, behalwe vir die voorste hond in die span.
- Die hemele treur wanneer 'n wyse man sterf.
- Selfs die sterkste arend kan nie hoër as die sterre sweef nie.
- Hy wat oor sy eie kennis spog verrai sy onkunde.
- As jy op dun ys gaan loop, kan jy net sowel dans.
- Ek wens jou toe goedheid in jou hart, olie in jou lamp, 'n gesette vrou in jou pels en robvleis en jou spens.
- Mag die goedheid in jou hart net so vermenigvuldig soos jou gesondheid.




DEFINISIES

Agtergeblewene: Daai blikskottel wat staan en wag vir die bus of die trein wat hy gisteraan die brand gestek het.

Gesoute lugreisiger: Een wat al amper net soveel plekke as sy bagasie gesien het.

EVOLUSIE [2]



Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Voordelige biegsessie

FABEL



Die altaarknaap bieg teenoor die priester:

"Seën my Vader, want ek het gesondig. Ek was met 'n los meisie deurmekaar."

Priester: "En wie was die meisie?"

"Ek mag nie sê nie, Vader."

"Wel, ek gaan een of ander tyd uitvind, jy kan my netsowel vertel."

"Ek wil nie haar naam skade aandoen nie, Vader."

"Was dit Tina Minetti?"

"Ek mag nie sê nie."

"Was dit dalk Theresa Mazzarelli of Nina Capelli?"

"Ek kan nie haar naam bekend maak nie."

"Was dit dalk Cathy Piriano? Of Rosa DiAngelo?"

"Asseblief, Vader, ek mag nie sê nie."

Die priester het diep gesug.

"Ek bewonder jou lojaliteit, maar jy het gesondig en moet boete doen. Jy mag vier maande lank nie my altaarknaap wees nie."

Toe die seun uitkom wil sy vriend weet wat gebeur het.

"Wel," sê hy, "ek het vier maande vakansie en vyf goeie leidrade."

Einstein se chauffeur

FABEL

Op Albert Einstein se lesingstoere het hy dikwels gevoel hy wil gou klaarmaak en in sy laboratorium uitkom.

Een aand op pad huis toe ná nog 'n rubberhoender-aandete het hy dit genoem aan sy chauffeur, 'n man wat nogal baie na hom gelyk het.

"Ek het 'n idee, meneer," het die chauffeur gesê. "Ek het jou praatjie also dikwels gehoor dat ek dink ek kan dit namens jou lewer."

Einstein het hardop gelag en gesê: "Hoekom nie? Kom ons probeer dit!"

By die volgende aandete het Einstein die chauffeur se pet opgesit en agter in die saal gaan sit. Sy chauffeur het 'n wonderlike weergawe van Einstein se praatjie gelewer en selfs 'n paar vrae soos 'n kenner beantwoord.

Toe staan daar 'n verwaande, hoogdrawende professor op en vra 'n vreeslike esoteriese vraag oor antimaterie se formasie, en wyk so hieren daar af om almal goed te laat verstaan dat hy baie intelligent is.

Sonder om te huiwer het die chauffeur die professor stip aangekyk en gesê: "Meneer, die antwoord op hierdie vraag is so eenvoudig. My chauffeur sit agter in die saal, ek sal hom sommer vra om jou te antwoord."

Stres laat mans 'groter' Evas kies

FEIT

'n Nuwe studie toon dat mans in tye van spanning eerder vroue met volle figure verkies. Hulle vind vet vroue aantrekliker as hulle self gespanne is.

Navorsers van die Westminster-universiteit in Londen het 81 mans by die studie betrek. Die helfte is in kunsmatige stressituasie geplaas, soortgelyk aan 'n werksonderhoud. Die res was ontspanne.

Albei groepe is foto's van brandmaer tot oorgewig vroue gewys. Die gespanne mans het veel meer van normale tot oorgewig vroue gehou.

Meer gesette vroue het hul harte vinniger laat klop.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com



DIS NET 'N OU GRAPPIE

Hierdie ouers se idee van 'n grap was om maskers van Amerikaanse elande aan te trek. Hulle het 16 ongelukke op 'n hoofweg veroorsaak.

GOEIE MANIERE

Vrou aan haar man:
"Ek verwag goeie maniere in die bed. Asof ons in 'n restaurant is."
Man klim in die bed en sê: "skuus tog dame, sal u asseblief die koek aangee?"

WILSKRAG

Ek het net uit die winkel gekom met 'n vleispastei, skyfies en 'n yslike hotdog.
'n Armsalige daklose man het daar gesit en sê:
"Ek het twee dae laas geëet."
Toe sê ek: "Hel, ek wens ek het jou wilskrag gehad."

KROEGSTORIE

'n Ou met 'n geweer loop by die kroeg in en skree:
"Wie van julle het my vrou gespyker?!"
'n Stem van agter uit die kroeg skree terug:
"Ontspan, pel. Jy het nie genoeg patrone nie!"

BLY DAN TUIS

Die ou tannie was baie geheg aan haar aardse besittings en het later 'n klomp geld in 'n trosseltjie onder haar bed. Niemand mag daaraan raak nie. As iemand oor erfenis of erfgename praat, was sy dadelik op haar perdjie.
Eendag sê haar oudste seun: "Ma moenie so geheg aan ma se geld wees nie. Ma kan dit tog nie saamneem nie."
Waarop sy antwoord: "Dan gaan ek nie!"

BRAKPAN

Wat is die verskil tussen ander dorpe se riooldamme en Brakpan s'n?
Die ander het nie 'n duikplank nie!
Wat maak 'n Brakpanner as hy 'n goue medalje wen?
Hy chroom hom.

EEND

Wat is die definisie van 'n eend?
'n Voël wat loop soos iemand wat lank perd gery het.

BEKOMMERDE SEUN

Ouma klim op die fiets en ry by die hek uit.
Seun: "Waar gaan Ouma?"
Ouma: "Begraafplaas toe"
Seun: "En wie dink Ouma gaan gaan my fiets terugbring?"

GEDAGTE VIR DIE DAG

Meer geld word bestee op borsinplantings en Viagra as op Alzheimer-navorsing. Dit beteken dat teen 2040 daar 'n groot bejaarde bevolking sal wees met aстранte borste en kolossale ereksies - maar sonder dat hulle 'n idee het wat daarmee gedoen moet word.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker en Hart





IN DIE JAAR 2012 het die Here na Noag, wat hom nou in Engeland bevind, gekom en gesê:

"Die aarde is weer boos en oorbevolk, en ek sien die einde van alle vlees voor my. Bou nog 'n ark, en red twee van elke lewende spesie, insluitende 'n paar mense."

Hy het Noag toe van die bloudruk vir die ark voorsien:

"Jy het ses maande om die ark te bou voordat dit 40 dae en 40 nagte lank gaan reën."

Ses maande later het die Here afgekyk na waar Noag, arkloos, sit en huil.

"Waar is die ark?" wou Hy weet.

"Ag, Here," pleit Noag, "dinge het verander. Ek het 'n boupermit nodig. Ek het 'n lang argument met die skeepinsekteur gehad oor die nood van 'n sprinkelstelsel. My bure het gekla dat ek die ark in my agtertuin bou en dat hy te hoog is. Nou moet die plaaslike beplanningskomitee 'n besluit neem.

"Toe wou die dorpsraad en die elektrisiteitskomitee 'n klein huisie vol geld hê om die kragdade en oorhoofse obstruksies te verwyder sodat die ark die see kan bereik.

"Ek het probeer verduidelik dat die see na óns toe sal kom, maar hulle wou niks weet nie.

"Daar is eindelose probleme om hout te kry. Ek mag nie bome afkap nie ter beskerming van die groot gevlekte skuuruil.

"Ek het probeer verduidelik dat ek die hout moet hê om die groot gevlekte skuuruil te beskerm, maar sonder gevolg.

"Toe ek die diere begin bymekaarmaak, het die dierebeskermingsvereniging my hof toe gevat. Hulle voer aan ek wil diere teen hul wil gevange hou en dat my hokke op die ark te klein is en dat dit wreed is om so baie diere in so 'n klein ruimte aan te hou.

"Toe het die omgewingsagentskap gesê hulle moet eers 'n impakstudie van die voorspelde vloed maak.

"Ek baklei nog met die plaaslike menseregte-agentskap oor hoeveel minderhede daar in my bouspan moet wees. En immigrasie is besig om die visum-status na te gaan van die meeste van die mense wat wil werk.

"Die vakbonde sê ek mag nie my seuns gebruik nie. Ek moet vakbondlede met ondervinding van arkbou werf.

"Om alles te kroon het binnelandse inkomste op al my bates beslag ge lê omdat ek glo die land onwettig en met bedreigde spesies wil verlaat.

"So verskoon my, Here. Maar ek gaan nog minstens tien jaar nodig hê om die ark te bou."

Skielik het die lug oopgetrek, die son het begin skyn en 'n pragtige reënboog het verskyn.

Noag het opgekyk en gevra: "Beteken dit dat U nie die wêreld gaan verwoes nie?"

"Nee," sê die Here. "Die Engelse regering het my voorgespring."

"Jy kan altyd op die Amerikaners vertrou om die regte ding te doen - nadat hulle al die ander maniere probeer het."

~ **Winston Churchill**

In Amerika kan enigeen president word. Dis hulle groot probleem."

~ **George Carlin**

"Dis gevaarlik om reg te wees as die regering verkeerd is."

~ **Voltaire**



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Die slang in die plonsput

Deur PIERRE GROBLER

ONS was een jaar 'n klomp kampers in Messina (nou Musina) waar ons so een middag lekker gelê en pere bak het.

Skielik hoor ons een moerse lawaai daar van die plonsput se kant af. Toe ons om die hoek loer, sien ons 'n outjie wat lyk of hy sakresies hardloop: Broek onder die knieë, en die man lat loop daar na die medics se kant toe. Ons kry toe die indruk dat 'n slang hom op die knolle gepik het, want hulle hang mos redelik laag so in die sittende posisie.

Die nuuskierigheid het ons so 'n bietjie oorval en ons gaan stel toe ondersoek in. Met oorgehaalde roers benader ons toe die preekstoel, net om te vind daar is geen slang nie. Ons loop toe om die gedoente en hier kry ons een van die manne met 'n skokstok vir 'n skaap: Elke keer as 'n man gaan sit, werk hy hom hier van agter af.

Ons het lekker gelag en gaan toe terug na ons normale rusposisie. Ons het net begin ontspan, toe sien ons hier kom die sammajoor met 'n baie benoude uitdrukking op sy gesig verby.

Die ou loop die *longdrop* storm, en ek sê vir die kêrels hier kom 'n ding. Die sammajoor het net begin om te laat waai, toe bewerk die geheime agent hom met die skokstok.

Die volgende oomblik staan die ou met ketel en al buite die pardoems en gil dat die aarde dreun. Ons het so gelag dat ek my amper self ook bevuil het. Ons het toe maar spore gemaak, want ons was maar bang die ou het gesien hoe ons gelag het en kry ons in die hande.

Nou wil ek net 'n beroep op daai dapper soldaat doen wat die skokstok beman het: As jy dalk eendag die staaltjie oor jouself lees, wil ons net graag weet wat agtema gebeur het, want ons het jou nie weer met 'n oog gesien nie.



Die seerower loop by die kroeg in, en die kroegman sê:

"Haai! Ek het jou lanklaas gesien! Wat het gebeur? Jy lyk aaklig?"

"Wat bedoel jy?" sê die seerower. "Ek voel goed."

"Maar wat van die houtbeen? Jy het nie voorheen een gehad nie?"

Die seerower verduidelik daar was 'n oorlog ter see, en hy is deur 'n kanonkoeël getref, maar dat hy nou gesond is.

"Wel," sê die kroegman, "ek is bly jy het herstel. Maar wat van die haak? Wat het met jou hand gebeur?"

Die seerower verduidelik dat hulle in nog 'n aanval was. Hy het op die ander skip geklim, in 'n swaardgeveg betrokke geraak en sy hand verloor.

"Maar," sê hy, "ek is nou al gewoon aan die haak. Ek voel regtig goed."

"En wat van die oogklap?" vra die kroegman.

"O," sê die seerower. "Ons was op die see toe 'n groot swerm voëls oor die boot vlieg. Een van hulle het in my oog gemis."

"Jy grap seker," sê die kroegman. "Jy kan nie 'n oog verloor as 'n voël in hom mis nie?"

"Jy kan," sê die seerower. "Dit was op my eerste dag met die haak."

POSKOETS

Kammanuus se lesers skryf

Sy is teleurgesteld in Kammanuus

Rochelle Nieuwenhuizen, Australië:

Ek lees altyd baie gretig na die Onsdorp Nuusbriefie, maar voel net ek wil terugvoer gee oor die leesstof wat die week in die pos gekom het (6 Augustus, nommer 334).

Die taalgebruik in die stukkie oor die dinge wat 'OU ROKERS' eindeloos irriteer laat veel te wense oor.

Ek vol dit is onsmaklike leesstof omdat dit die woorde soos moer, donnerse, f-kk-n, poephol, k-k, blerrie insluit. Het ons Afrikaners regtig nou al so laag gedaal, om te dink dit is gepas vir publieke leesstof?

Iets kan snaaks wees maar in die geval was dit onsmaklik om te lees.

Ek is seker ons het net die 'eufemismes' vergeet wat wel in ons taal ingewerk is. (frikken, of maak dit sommer frikkes, is 'n beter f-woord. En blesit, is beter blerrie, moses is beter vir moer ens. Dis hoe die manne in die ou dae grappie gekruie het in dames se geselsap.

Maar dit is nie doodsake nie. Ek soek maar altyd leesstof en versamel dit heeltyd, wanneer ek dit gaan gebruik weet ek nie altyd voor die tyd nie, alles hang net van die aand af en waarvoor ek tyd het en kans sien.

Dankie vir julle Kammanuus aan my weer eens, dit is altyd 'n verassinkie om te kry hier in Oz.

Hennie antwoord:

Dankie vir die terugvoer Rochelle, ek hoor jou, hard en duidelik.

Darems net vir die rekord, ons kyk gewoonlik waar ons die 'onder die belt' woorde sinvol kan vervang. As jy maar kon sien hoe die generytertjie-storie eers gelyk het in sy rou en rowwe vorm, sou jou hare reggop gestaan het.

Neem egter kennis dat ek nie woorde soos blerrie, moer en poephol sommer sal uithaal nie, veral nie blerrie, wat van die Engels *bloody* af kom nie. My ma van 82, sterk kerkmens, gebruik dikwels dié woorde.

Verstaan my asseblief nie verkeerd nie, ek self het byvoorbeeld my susterskind verban van my Bakkiesboek-blaaië weens haar eentonige herhaling van kras woorde.

Ek hoor egter graag jou motivering vir die weglaat van bogenoemde voorbeelde uit 'publieke' taal. Sonder hulle meen ek gaan Afrikaans maar erg vervaal eerder as wat dit banaalsal word met hul gebruik vir 'sout' by die kos.

Hier is 'n voorbeeld: Al gehoor van die resep vir 'n moerbeipotjie? Kyk in die yskas vir enige oorskietkos en moerbeipotjie. Hoe anders as in Afrikaans sou jy dit in 'n grappie kon stel? En hoe op aarde kan jy dit as onsmaklik sien (behalwe miskien dit wat IN die pot is, ja).

Onthou tog ook dat die taalgebruik in die storie oor die rokers verband hou met die man se gemoedstoestand, en dan dink ek kan 'n mens bietjie meer toegeeflik wees. Sulke mense gebruik nie woorde soos allamapstieks en gedoriewaar nie, nie eens flippen nie!

Naskrif: Rochelle bedryf 'n Afrikaanse radiostasie daar aan die onderkant van die wêreld.

Padvind lol maar in Kanada

Susan Jacobs, Kanada:

Ek kan nie saampraat met Duskantlanders oor die betroubaarheid van die poswese nie, maar wat my wel opgeval het waar ons in Noord Amerika woon is dat hope strate dieselfde name het. Dit laat my nogal kopkrap wanneer ek kliënte moet gaan spreek. As ek nie mapquest gebruik en die plekkode insleutel nie, kom ek verseker by die verkeerde adres uit. Om nie te praat van East en West, North and South aanwysings nie.

Aanwysingsborde is nie altyd die aangewese ding as jy in erge verkeer vasgevang word nie, maar die klein teken teen 'n paal wat jou rigting aandui byvoorbeeld 6 South!

So het elke land seker sy uitdagings.

Sou graag wou hoor van ander hoe hul dit ervaar om in ander lande te bestuur.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

ROMANY CREAMS

| | |
|---------------|---------------|
| 2 k meel | 2 k suiker |
| 1 k smeer | Knippie sout |
| 1 t bakpoeier | 2 e kakao |
| ½ k klapper | ½ k kookwater |

Klop botter en suiker. Vou droë bestanddele in.

Los kakao in water op en roer by. Rol uit en druk in ovaal vormpies of rol in balletjies en druk plat met vurk. Bak in warm oond 220 °C vir 15 minute. Laat afkoel. Smelt melk sjokolade oor kookwater. Smeer gesmelte melksjokolade tussen 2 koekies as vulsels.

STAMBOOM

BASSON steyn@townexplorer.co.za

Op soek na inligting aangaande Stephanus Basson. Enige inligting sal waardeer word.

DU PLESSIS marinda@maxitec.co.za

My oupa was Gerrit Petrus du Plessis. Sy broers se name is: Paul, Andries, Coenelius, Daniel, Barend, Christiaan, Izak, Petrus. Hul pa was Andries. Ek wil graag dit terugwerk tot by stamvader Jean Prieur du Plessis. Enige inligting welkom.

JONKER bokadri@gmail.com

Afstammeling van Adriaan Matthys Jacobus Jonker

KUHN tinus.kuhn@gmail.com

Oupa was Willem Johannes Kuhn, gebore 1854 en vermoor in Suidwes-Afrika op 3 Oktober 1904. Ek is op soek na sy ouers en eerste vrou, Sofia Maria Combrink, veral hulle sterftesertifikate.

OPPERMAN flipopperman@mtnloaded.co.za

Name soos Reinier (Renier) Van Jaarsveld en Thomas Comeluis is nogal baie in my voorvader lyn. Probeer om stamboom na te gaan.

PRETORIUS steyn@townexplorer.co.za

Op soek na persone wat in die sirkus gewerk het vanaf 1890 tot 1940. Miskien het julle my oupa grootjie geken? Sal baie waardeer word.

ROSS Ekoopman@mtc.com.na

Ek soek van die Ross familie wat nog oor is, my oupa was Oom Jan Donald Ross en is gebore 25 Desember 1913. Oorspronklik van Upington, Keimoes en Kakamas. Kan my kontak by 00264 61 280 2037 en of my sel: +00264 812729791.

PRINSLOO nikkiprinsloo58@gmail.com

Ek is die 7de geslag van Willem Nicolaas Prinsloo. Ek het 'n volledige familie stamboom boek van die Prinsloo's, maar ek leen hom tans vir die mense by die erfenisentrum.

RALL braam.rall@angloamerican.com

Ek het die meeste van my skool loopbaan op Coligny deur gebring saam met my broer Hein.

ROELVERT daanroelvert@gmail.com

Ek soek soveel moontlike besonderhede van die Roelvert families in Suid-Afrika

VAN ASWEGEN ljpvanas@gmail.com

Ek is op soek na meer inligting oor die Van Aswegen stamboom en sal graag wil deel in die skakeling

VAN SCHALKWYK albertsmith1958@yahoo.co.uk

Ek is op soek na familie van ene Martinus van Schalkwyk, wat in die jare sewentigs skoolhoof by Dr. Blok Hoërskool in Bloemfontein was. Sy vrou was 'n naaldwerk onderwyseres, en hy het 'n seun Dirkie gehad wat destyds by die spoorweë as 'n dieselmotorwerktuigkundige gaan werk het. Ek wil graag weet wat van die man geword het, en ook net dankie sê en om huldeblyk aan die gesin te bring vir wat hy vir my beteken het.

WEHNCKE/WINCKE/WINKERD marynasaun@gm

Het die van as een van my moontlike voorsate. Soek meer inligting asb.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Egoli was eers Johannesburg. Tshwane is Pretoria. As jy dan noord ry, kom jy by Bela-Bela wat eers Wambad was, daarna by Modimolle wat Nylstroom was en Potgietersrus wat nou Mokopane is."

Ek het getrek, maar ek bly nog op dieselfde plek -- maar hoe verduidelik ek dit vir mense soos sekretaresse in ander provinsies? Ek wil 'n boodskap laat vir 'n kollega in Mpumalanga.

"Vra asseblief hy moet my in Polokwane bel," sê ek

"Waar??" vra sy en sy klink nareg, asof sy 'n mufgroen vleispastei uit die pakkie gehaal het.

"Polokwane."

"Waar is dit?"

"Tussen Mokopane en Makhado in Limpopo."

Ek kan hoor sy dink ek is òf van lotjie getik óf het van êrens af ontsnap.

"Waar is dit?" hou sy geduldig vol.

"Wel, " beduie ek, "jy ry van Tshwane af, verby Bela-Bela en Modimolle. Ry deur die tolhek en hou reguit verby Mokopane, maar hou jou spoed dop, want die spiedies maak geld uit jou uit as jy daar te vinnig ry. Polokwane is net verby Mokopane en net voor Makhado. "

Ek verstaan nie mooi waarom ek die pad moet verduidelik as ek wil hê iemand moet my bel nie.

"Nee, wag, meneer," sê sy. "Waar is Makhado?"

"Tussen Polokwane en Musina," probeer ek hulpvaardig wees.

"En waar is dit?" vra sy nou duidelik baie verward.

"Musina is tussen Makhado en Harare," help ek haar so goed as wat ek kan.

"Bly jy in Zimbabwe?" vra sy asof daar skielik 'n lig vir haar opgaan.

"Nee," sê ek. "Ek beduie net vir jou waar Polokwane is."

"In Zimbabwe?" vra sy hoopvol.

"Nee, in Limpopo," help ek haar reg.

Sy sug moedeloos en sê: "Kom ons begin voor."

Ek dink sy wonder of dit nie dalk Leon Schuster is wat haar met 'n slap riem probeer vang vir die een of ander advertensie nie.

"Waar is Tshwane?" vra sy.

"Dis maklik," sê ek. "Tussen Bela-Bela en Egoli."

"Nee, meneer, ek bedoel die dorp."

"Ek ôk" sê ek. Ek kan hoor sy is nou met die sepies deurmekaar terwyl ek nog by padbeduie is. "Egoli is anderkant Tshwane as jy van Bela-Bela se kant af kom," sê ek.

"Meneer," vra sy, "is jy getrek?"

"Nee," sê ek. "Ek het nie getrek nie, hulle het net die naam verander."

"Wat bedoel jy, hulle het jou naam verander?"

"Nie my naam nie, die dorp se naam," help ek haar reg.

"Watter dorp se naam?"

"Pietersburg."

"Bly jy in Pietersburg?" vra sy en ek kan hoor daar gaan nou 'n helder lig vir haar op.

"Nee," sê ek, "ek bly in Polokwane, maar dit was voorheen Pietersburg."

"Wragtig?" sê-vra sy.



"Egoli was eers Johannesburg. Tshwane is Pretoria. As jy dan noord ry, kom jy by Bela-Bela wat eers Warmbad was . . ."

"Wragtig," sê-bevestig ek.

"So, jy bel van Pietersburg af wat nou Polokwane is?"

"Einste," sê ek.

"Nou watter ander name het jy dan genoem?" vra sy en ek kan aanvoel dié vrou het 'n groot behoefte om iets oor die nuwe geskiedenis van ons land te wete te kom.

Toe verduidelik ek, "Egoli was eers Johannesburg. Tshwane is Pretoria. As jy dan noord ry, kom jy by Bela-Bela wat eers Warmbad was, daarna by Modimolle wat Nylstroom was en Potgietersrus wat nou Mokopane is. Verby Mokopane kry jy Polokwane wat Pietersburg was en daarna Louis Trichardt wat Makhado geword het. Verby Makhado kry jy Musina wat eers Messina was."

"En Messina is by die Limpopo!" jubel sy.

"Ja," sê ek, "maar die Limpopo waarvan ek praat is die provinsie."

"Nou wat noem julle die rivier?" vra sy.

"Limpopo," sê ek.

"Meneer," vra sy, "stook jy mampoer?"

NASKRIE: Mafeking se naam is ook verander, na Mafikeng. Mafeking het beteken "plek van die klip." Mafikeng beteken "plek van die klêp."

Die volgende KAMMANUUS is op 3 SEPTEMBER